# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / MARCH**
***FEBRUARIE / MAART***

**2005**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)

HG **101-1/2**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL HG: Vraestel 2

29 bladsye

101 1 2 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy begin skryf.

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die **INHOUDSOPGAWE** en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Jy moet VYF vrae in totaal beantwoord.
- Moenie die voorgeskrewe lengte by opstelvrae verontagsaam nie.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE**

Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

– 3 gedigte (1 onvoorbereid en 2 voorbereid)

– 1 dramavraag

– 1 prosavraag

b.o.

## AFDELING A
### POËSIE

### ONVOORBEREIDE GEDIG
### VERPLIGTEND

Beantwoord óf die kontekstuele vraag (Vraag 1) óf die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 1: | ***Enkelspel*** | 10 punte |
| Vraag 2: | ***Wetenskapmannetjies*** | 10 punte |

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE vrae van jou keuse uit die volgende voorgeskrewe gedigte:

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 3 | ***Karoo-dorp : Someraand*** | |
| Vraag 4 | ***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas*** | |
| Vraag 5 | ***Hippie*** | |
| Vraag 6 | ***Elegie vir my toekomstige vrou*** | 2x15=(30) |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
### *Die Keiser* – Barto Smit

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) of Vraag 8 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord, **MOET** jy die langer tipe opdrag in Afdeling C beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 7 | (Kontekstuele Vrae) | 30 punte |
| | **OF** | |
| Vraag 8 | (Paragraafvraag) | 30 punte |

**TOTAAL VIR AFDELING B [30]**

## AFDELING C
### PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) gedoen het, **MOET** jy die langer tipe opdrag in Afdeling C doen en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**Kontekstuele vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 9 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 10 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 11 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) | 30 punte |
| Vraag 12 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) | 30 punte |

**OF**

**Paragraaftipe Vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 13 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 14 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 15 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) | 30 punte |
| Vraag 16 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) | 30 punte |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**
Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

- 3 gedigte (1 onvoorbereid en 2 voorbereid)
- 1 dramavraag
- 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN paragraaftipe vraag beantwoord uit Afdelings B en C.

# AFDELING A
## POËSIE

## ONVOORBEREIDE GEDIG
## VERPLIGTEND

Beantwoord óf die kontekstuele vrae (Vraag 1) óf die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

## VRAAG 1

Lees die onderstaande gedig, ***ENKELSPEL*** deur Hennie Aucamp, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Enkelspel**

Die liefde is 'n enkelspel:
ontwerp vir één, gespeel deur twéé –
net één kan tog die wedstryd wen:
die wenner vra 'n blink trofee

Sméérhou, drýfhou, lúgbal – stróóp!
núlpot, dóófpot – waar's die knoop?

'n Dubbelfout verknoei die spel
ontwerp vir één, gespeel deur twéé;
'n smeerbal kan die deurslag gee:
die wenner eis 'n brons trofee

Drááibal, lígbal, skróéibal – stróóp!
núlpot, dóófpot – waar's die knoop?

'n Mikbal kan die stryd beslis
die een-saam spel gespeel deur twee:
'n enkel swig, die hartspier pyn:
die wenner kry 'n broos trofee

Áfslaan, terúgslaan, néthou –stróóp!
núlpot, dóófpot – kafgeloop!

Uit : ***Die lewe is 'n grenshotel***

1.1 Die titel dui op die liefdesverhouding van die mens. Watter sportsoort word in hierdie gedig met die liefde verbind? (1)

1.2 Lees weer r.4. Watter misvatting het die spreker van die liefdesverhouding? (1)

1.3 Verduidelik <u>baie kortliks</u> waarom die spreker beweer dat die teorie en praktyk van die menslike verhoudingslewe in wanbalans is. (2)

1.4 Verduidelik die teenstrydigheid in r.14. (1)

1.5 Hierdie gedig vorm 'n baie mooi herhalingspatroon. Noem TWEE verstegniese middele wat ooreenstem in strofe 2, 4 en 6 om dit besonder mooi af te rond. (2)

**b.o.**

1.6 Wanneer 'n mens die gedig lees, kan gesien word hoe die wenner se houding geleidelik ontwikkel of verander. Dui aan hoe hierdie ontwikkeling of verandering gestalte kry in r.4, 10 en 16 deur telkens een woord uit die betrokke reëls neer te skryf. (3)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 2**
**OPSTELTIPE VRAAG**

Die afgelope aantal jaar is daar wêreldwyd groot vordering op tegnologiese gebied gemaak. Mense het ruimtereise onderneem en nuwe kommunikasiemiddele het die wêreldbevolking nader aan mekaar gebring. Tesame hiermee is besondere deurbrake op mediese gebied gedoen en tradisionele oorlogvoeringstegnieke het plek gemaak vir moderne tegnieke. Tog lyk dit of die vooruitgang op tegnologiese gebied die mens tot nadeel strek aangesien hy besig is om homself op meer as een wyse te vernietig.

Bestudeer die onderstaande gedig, ***Wetenskapmannetjies*** van Antjie Krog, en skryf in reaksie daarop 'n opstel van 120 – 150 woorde waarin jy veral aandag gee aan die volgende aspekte. Onthou om die antwoord deurgaans aan die hand van die gegewe gedig te verhelder. Beplan die antwoord en skryf in paragrawe.

- Dui kortliks aan watter deurbrake daar gemaak is op tegnologiese gebied.
- Ongelukkig is die vernuftige mens besig om homself te vernietig. Lig hierdie stelling toe.
- Watter **klein dingetjies** gaan vir die mens verlore as gevolg van die vooruitgang op wetenskaplike gebied? Wat sal die mens alles eers moet doen om homself weer te kan genees?

**Wetenskapmannetjies – Antjie Krog**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as 't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

Daarom liewe menere teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
ek kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.

**Uit :** ***Dogter van Jefta*** (10)

**EN**

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE van die volgende vier vrae (Vraag 3 – 6).

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig, ***Karoo-dorp : Someraand*** deur N P van Wyk Louw, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Karoo-dorp : someraand**

Die laat-middag het room geword
en treine wat ver fluit
en 'n wit-bont klaas-skáwagter
wat wag-hou op 'n kluit

en rook uit die lokasie rook
en by die dorpsdam sing
en mense in tennisbroekies loop
die koper skemer in

dóér op die nasionale pad
loop motortjies onhoorbaar, hoog;
Oum-Appie-Slagkraal se ou fiets
kom staan, vanself, moeg, voor die oog:

Tant'-Tolie-met-die-kanker kom
sit op die bordienghuis se stoep:
vanaand gaan hoor ons nog hoe sy
die Here en die uile roep.

(Uit: *Senior Verseboek*)

3.1 Verduidelik die dubbelbetekenis van motortjies wat **hoog** loop (r.10). (2)

3.2 Wat word van die lewe gesuggereer met die woord **bordienghuis** (r.14)? (1)

3.3 Die tante wil die Here en die uile roep. Wat dink jy gaan sy vir God vra? (1)

3.4 Die tante het kanker (r.13). Waarop sinspeel die uile in die slotreël? (1)

3.5 Watter tegniek gebruik die digter in strofe 3 om die ver afstand tussen die dorpie en die pad te beklemtoon? (1)

3.6 Hoe is dit moontlik dat die middag **room** (r.1) kan word? (1)

3.7 Ons lees van ou oom Appie en tant Tolie. In watter opsig stem hulle met mekaar ooreen en in watter opsig verskil hulle weer van mekaar? (2)

3.8 Verklaar wat 'n klaas-skáwagter (r.3) en die oog (r.12) beteken. (2)

3.9 In watter opsig stem r.1 en 8 ooreen? (1)

3.10 Watter klank in r.2 suggereer die fluitgeluid van die treine? (1)

3.11 Ons lees van ou oom Appie en tante Tolie. Met wie het jy die meeste simpatie? (1)

3.12 Motiveer die standpunt in jou antwoord op vraag 3.11. (1)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig, ***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas*** deur Marlene van Niekerk, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas**
*('n bosbouer van 'n nedersetting by Grabouw het op 'n reëndag met sy mongoolkind op sy skoot gesit)*

kyk oggeliefie druppeldou
jakkals trou met wolf se vrou
ag die stomme wêreld wou
dat jy my kind sou wees
my kind hier in ons eie dorp
agter die bosrug van grabouw
my droomoogkind
met jou oophangmond
wat kwyl
soos heuningdruppelsdou
kyk daar's druppels op jou mou
kyk daar's druppels teen die ruit
o oggeliefie douglas
elke druppel is 'n sonnetrou
dit reën
jou pa kan nie vandag
sy boom gaan kap
o nooit volprese God
wat ook oor wurms
wag moet hou
seën die oggeliefiekind van my
en my sy pa
en daar sy maltrapma
o oggeliefie druppeldou
o jakkals trou met wolf se vrou

**(Uit: *Sprokkelster*, Human en Rosseau)**

4.1 Naby watter dorp (r.5) woon die vader in die gedig? (1)

4.2 Lees weer r.9 en 10. Hierdie twee reëls verskil vormlik (uiterlik) asook innerlik (betekenisgewys) van mekaar. Dui aan waarin die verskille geleë is. (2)

4.3 In die gebed smeek die vader God se seën af op drie persone. Watter DRIE persone is dit? (3)

4.4 In watter versreël begin die wending in die gedig? (1)

4.5 Digters hou daarvan om deur middel van herhalingstegniek eenheid in 'n gedig te skep. Skryf die REËL neer wat in hierdie gedig herhaal word. (1)

4.6 Gestel jy word gevra om die gedig te redigeer. Presies waar in reël 1 sal jy kommas invoeg? (1)

4.7 Watter persoon wat normaalweg in 'n gedig soos hierdie 'n sleutelrol speel word slegs EEN keer genoem? (1)

4.8 Waarom kies die vader juis 'n reëndag om by sy kind te wees? (1)

4.9 Die kind oor wie dit hier gaan is verstandelik gestremd. Tog geniet hy sy vader se volle aandag én beskik hy oor 'n identiteit. Bewys die laaste stelling aan die hand van die titel van die gedig. (2)

4.10 Gestel jy het so 'n mongoolkind gehad. Sou jy hom ook so gekoester het? Sê net ja of nee. (1)

4.11 Motiveer jou antwoord in Vraag 4.10. (1)
**[15]**

**OF**

## VRAAG 5

Lees die onderstaande gedig, ***Hippie*** deur Wilma Stockenström, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Hy groei
plantaardig uit stoel voor 'n kafee,
'n pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoeid met reis om homself.

Hy slaan
'n pap handsak oor sy fraiingskouer.
Om huise se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.
Om gestrand te raak op die rand
van 'n stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoenders slaap om 'n verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak.
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbeltjie kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en krink om die pofadder se juwelehuis
van sewejaartjies: kleislang in 'n kindertuin.

En voort
duimgooi hy na miskien 'n genommerde
kamer met 'n Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van 'n malman op 'n afgrond, of
die binnevlerksagtheid van 'n woud.

En hy skiet
ghrieskleurige hare uit 'n apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

**(Uit: *Senior Verseboek*)**

5.1 Wat is die populêre benaming in die volksmond vir 'n hippie? (1)

5.2 Motiveer uit strofe 1 waarom beweer kan word dat die hippie smag na kontak met ander mense. (1)

5.3 Die moontlikheid is baie sterk dat die hippie dwelms misbruik. Motiveer hierdie stelling aan die hand van r.4 en 5. (1)

5.4 Wat suggereer die pap handsak (r.7) van die hippie se lewe? (1)

5.5 Watter medeklinker in r.9 beklemtoon die hippie se honger? (1)

5.6 Waarom raak die hippie **gestrand** (r.10) op die stoep? (1)

5.7 Watter funksie het die vergelyking van oumensoë met houtkwaste (r.17)? (2)

5.8 Skryf een woord uit r.22 – 26 neer wat op onsekerheid sinspeel. (1)

5.9 Verduidelik die ironie in r.29 – 30. (2)

5.10 Waaraan laat die sewejaartjies om die slang se nes die hippie dink? (1)

5.11 Wie is dit wat **kraak** (r.16) en waarom is kraak so 'n goeie woordkeuse? (2)

5.12 Waarom is die hippie se apostelskap ironies? (1)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 6

Lees die onderstaande gedig, ***Elegie vir my toekomstige vrou*** deur A. Letoit, noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Elegie vir my toekomstige vrou**

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
: dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het

verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
"ek smaak jou" (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se
tyd
my tydsberekening is altyd verkeerd)
maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly : niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en 'n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou : gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en
nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou [hahaha!]
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek:
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek.

**(Uit: *Suburbia*)**

6.1 Verduidelik aan die hand van die gedigtitel dat die spreker uit pas is met die tyd. (1)

6.2 Watter verstegniese middel gebruik die digter in r.5 – 6 om die spreker se onsekerheid uit te hef? (1)

6.3 Skryf TWEE woorde neer in r.21 – 22 wat dikwels (refreinmagtig) voorkom in populêre liedjies waarna in r.3 verwys word. (2)

6.4 Lees weer strofe 1. Dink jy werklik die spreker is ernstig as hy konstateer dat hy weer die ontmoeting tussen hom en sy (toekomstige) vrou sal onthou? Motiveer jou antwoord behoorlik. (2)

6.5 Die spreker se parentetiese opmerking in strofe 1 (r.7 – 10) is ironies. Verduidelik die ironie. (2)

6.6 Skryf TWEE tydsaanduidende woorde uit strofe 3 (r.23 – 37) neer wat ontwikkeling (progressie) moontlik maak. (2)

6.7 Die spreker in hierdie gedig het heel waarskynlik die hippiekultus aangehang, veral as 'n mens r.15 – 16 in gedagte hou. Gee TWEE motiverings uit r.25 – 37 wat hierdie aanname bevestig. (2)

6.8 Die metafoor **assuransieagente** (r.32) staan vir die spreker se ouers. Waarom is dit gepas om ouers as assuransieagente te sien? (1)

6.9 Hoe verskil die atmosfeer van **skreeuende bybies** (47) van die **oh baby** (r.22) wat dikwels in "populêre liedjies" gehoor word? (1)

6.10 Waarom is die getroude lewe 'n duur prys om te betaal veral in die lig van die spreker se voorliefde vir hippiekolonies? (1)

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
### DRAMA

***DIE KEISER*** **– BARTHO SMIT**

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) of Vraag 8 (paragraaftipe vraag).
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae (Vraag 7) doen, sal jy verplig wees om die langer tipe opdrag in Afdeling C te doen.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

Vraag 7 (Kontekstuele Vrae) 30 punte

**OF**

Vraag 8 (Paragraafvraag) 30 punte

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## VRAAG 7

Bestudeer die volgende gedeelte uit hierdie drama goed en beantwoord daarna die vrae daaroor.

KEISER *(skielik buite homself van woede):* Dúrf jy my teëspreek?! Ek sê vir jou daardie man is mishandel En ek laat nie toe dat mense in mý land mishandel word nie Trap onder my oë uit!
KULTUUR: U Majesteit ...
KEISER: Trap, sê ek! Die hele boel van julle! Trap!
KEISERIN*(paaiend)*: Majesteit ...
KEISER: Jy ook!
KEISERIN*(bitsig)*: Met plesier – U Majesteit.
HOFNAR: Ek ook, my Kroon?
KEISER: Jy bly.
HOFNAR: Dankie, my Kroon. *(Almal uit.)* Ek sê, my Kroon – hulle het omtrént hulle water en ligte weggeskrik.
KEISER: So – dan sien jy nou ook die klere?
HOFNAR: Ek het vir hulle gelieg, my Kroon – om los te kom. Ek sien net my Kroon se onderbroek, my Kroon. Sorrie, my Kroon.
*(Die keiser trek nadenkend sy kamerjas aan. Die Nar wag in spanning.)*
KEISER: Dink jy húlle sien die klere?
HOFNAR: Hulle sien g'n stúk klere nie, my Kroon; hulle lieg ook.
KEISER: Ek het hulle probeer uitvang – maar hulle het elke keer gewéét wat ek aanhet of nie aanhet nie. Hoe verklaar jy dít?
HOFNAR: En nou meen my Kroon daar ís dalk klere, en dis net óns twee wat dit nie kan sien nie?
KEISER*(moedeloos)*: Ek weet nie, Nar. Ek weet nie meer wát om te dink nie. Ek het my al suf gedink vannag. Jy sien – ek sou miskien nog kon glo dat ons nuwe Buitelandse Sake kan lieg oor die klere. Hy's nog jonk en voortvarend. Maar ou Kultuur, en die Veldmaarskalk – en die Keiserin ... Hoekom sal húlle daaroor lieg?
HOFNAR: My Kroon ...
KEISER: Gaan voort.
HOFNAR: Is dít nie dalk 'n soort speletjie wat hulle almal speel nie – en elkeen voel hy móét saamspeel, of anders dink die ander hy's nie 'n spôrt nie? Is dit nie dalk deel van die feesvierings nie, my Kroon?
KEISER: Om die Keiser kaal in 'n optog te laat loop?
HOFNAR: Nee, só iets sal hulle ook nie doen nie. Ek dink my Kroon moet sê my Kroon hou nie van hierdie klere nie en my Kroon trek ánder klere aan en klaar.

7.1 Kyk na die Keiser se handeling en woorde in r.1 – 3.

7.1.1 Noem TWEE tegnieke wat hier gebruik word om die Keiser se driftigheid weer te gee. (2)

7.1.2 Dink jy dat die Keiser se optrede hier eie is aan sy karakter soos ons hom in die drama keer ken het? Motiveer. (2)

7.2 Wat is die funksie van die ellips in r.4? (1)

7.3 Watter beeld van die Hofnar vind ons in die eerste tien reëls van die leesstuk n.a.v. die Keiser se anderse houding teenoor hom? (1)

7.4 Die Nar gebruik deurlopend die aanspreekvorm **my Kroon** as hy met die Keiser praat (Vergelyk reëls 9 en 11).

7.4.1 Watter gevoelswaarde spreek uit hierdie aanspreekwyse? (1)
7.4.2 Hoe spreek die Nar onderskeidelik vir (i) Kultuur, en (ii) Maarskalk in die drama aan? (2)
7.4.3 Watter gevoelswaarde is geleë in bogenoemde aanspreekvorme (7.4.2) vir die twee ministers? (1)

7.5 Watter funksie van die tradisionele hofnar vervul die Nar in r.11 – 12? (1)

7.6 Die Nar se woorde in r.14 – 15 is ironies in vergelyking met sy optrede in die res van die drama. Verduidelik. (2)

7.7 Wat gee die Keiser se uiterlike handeling in r.16 – 17 te kenne van sy innerlike toestand? Motiveer jou antwoord. (2)

7.8 In r.20 – 21 verduidelik die Keiser dat die ander presies geweet het wat hy aanhet toe hy hulle probeer "uitvang" het. Hoe het hulle dit so presies geweet? (1)

7.9 In hierdie drama is daar deurlopende innerlike konflik in die hoofkarakter. Watter innerlike konflik beleef hy in r.24 – 28? (2)

7.10 Wie is die Buitelandse Sake na wie die Keiser in r.26 verwys? (1)

7.11 Anders as wat die Keiser wil glo (r.27 – 28), het Kultuur en Maarskalk juis rede om oor die klere te lieg. Waarom is dit so? (2)

7.12 Kyk goed na reëls 31 – 33.

7.12.1 Skryf **een** woord uit hierdie gedeelte neer wat impliseer dat die Hofnar hier na 'n algemene of universele probleem verwys? (1)
7.12.2 Wat is die funksie van die beklemtoning van **moet** in r.32? (1)
7.12.3 Dink jy dat die probleem wat hier ter sprake is ook in ons moderne wêreld voorkom? (2)

7.13 In r.34 spreek die Keiser sy groot vrees uit, naamlik dat hy kaal in die optog voor die volk sal moet loop.

7.13.1 Wat is die oorsprong van hierdie vrees? (1)
7.13.2 Wat gebeur uiteindelik wanneer die Keiser wel sonder klere in die optog loop? (2)

7.14 In r.35 – 37 kom 'n derde funksie van die Hofnar in die drama na vore.

7.14.1 Wat is hierdie funksie? (1)
7.14.2 Motiveer jou antwoord op 7.14.1. (1)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 8**

8.1 Drie belangrike newekarakters in hierdie drama is die drie ministers Kultuur, Maarskalk, en Diplomaat. Alhoewel hulle almal belangrike portefeuljes beklee in die Keiser se Kabinet, is hulle nié so lojaal as wat dit 'n minister betaam nie. Bespreek hierdie ministers se rol in die drama in 200 – 250 woorde met verwysing na:

- Hulle name en take in die Keiser se regering
- Die wyse waarop elkeen van hulle sy taak verontagsaam
- Die Nar se spottende aanspreekvorm vir elkeen van hulle en die implikasie daarvan
- Die uiteinde van hierdie ministers (20)

8.2 *Die Keiser* is 'n drama wat in die jaar 1977 verskyn het. Intussen het die wêreld, veral Suid-Afrika, ingrypend verander. Is dit enigsins moontlik dat hierdie werk nog aktueel (op die huidige oomblik van belang) kan wees? Bespreek hierdie stelling in ongeveer 120 – 150 woorde. Oorweeg om na die volgende aspekte te verwys:

- Handel die drama oor universele probleme?
- Is die gebeure aan bepaalde plekke en tye gekoppel?
- Is daar tans in die wêreld regerings waar dieselfde tendense voorkom as in die drama? (10)

**[30]**

## AFDELING C
## PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) gedoen het, **MOET** jy die langer tipe opdrag in Afdeling C doen en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.

- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**Kontekstuele vrae:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vraag 9 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 10 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) | 30 punte |
| Vraag 11 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) | 30 punte |
| Vraag 12 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) | 30 punte |

## KONTEKSTUELE VRAE

Beantwoord hier Vraag 9 óf Vraag 10 óf Vraag 11 óf Vraag 12, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Nommer jou antwoorde net soos op die vraestel en beantwoord alle vrae direk. Bestudeer die aangehaalde teks deeglik voordat jy die vrae beantwoord.

## VRAAG 9

***Kringe in 'n Bos* – Dalene Matthee**

"En waar dink jy slaap ek vannag?" vra Arend onmiddellik vies. "Ons kan hier wag tot ligdag toe, ek loop nie in hierdie mis alleen terug nie, ek lat my nie van 'n grootvoet trap nie!"

"Jy kan by my in die skuur slaap."

"Ek slaap nie in daardie plek nie."

"Moenie so stoets wees nie, Arend! Dis julle hele ondergang, man!"

"Julle? Jy praat van 'julle'. Wie is jy dan miskien? Van wanneer af sit 'n voël in twee bome gelyk? En vir wat werk jy vir MacDonald?"

"Vir wie werk júlle miskien?" Hy moes Patterson weer 'n slag platdruk.

"Hy mog ons hout koop, maar óns is nie aan hom verkoop nie!"

"Dis wat jy dink Arend."

"Ek weet wat ek dink, ek dink nog altyd jy's 'n verraaier."

"Julle het my soos 'n wegwei-os gebrandmerk!" het die bitterheid skielik in Saul opgekook. "Sit ek my voete in die Bos, word ek uitgeskel vir 'n verraaier, wat ek nie is nie. Sit ek my voete op MacDonald se werf, word ek uitgeskel vir onnosel omdat ek uit die Bos kom! Nou vra ek jou: Wie ís ek?"

"Jy moes dinge met jou pa reggemaak het!"

"Dit sou nie reg gebly het nie."

"Jou pa se span is kort van hande...Jozef se vrou het laasweek 'n seun," voeg hy afgetrokke by.

"Ek het nie geweet nie, ek is bly vir sy part."

"Hulle gaat hom Joram laat backsize."

"Pa sal in sy skik wees...Ek wonder maar net waar hý eendag gaan byl swaai?" Hy het opsetlik skoor gesoek. "Soos julle aan die uitkap is, sal daar nie veel oor wees vir die volgende geslag nie."

"Jy was van die begin af in Harison se gat opgekruip!" Arend het opgestaan en onder by Patterson se voete gebuk. "Vat daar lat ons kan loop!"

Maar Saul het bly sit. "Julle is dom, Arend. Die dag as die Bos tot niet is, is julle soos miere waarvan die nes inmekaargeskop is. Al verskil is dat miere weer kan nes maak, maar julle kan nie weer die Bos maak nie. Het jy al gaan sit en uitreken hoeveel byle in hierdie bos kap?" Hoeveel hande aan die grootword is om nóg te kap?"

Arend was kwaad. "Jý tel hulle mos vir Harison! Onthou net om mister Barrington van Portland ook by te tel. Jy't hom ook mos altyd voor ons koppe gegooi."

"Wat van Barrington?" Barrington, die Engelsman van die spogplaas Portland, was een van Harison se weinige ondersteuners.

9.1 Verduidelik kortliks die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het dat Arend in die skuur moes slaap. (2)

9.2 Agt dae na bogenoemde voorval is Arend dood aan bloedvergifting.

9.2.1 Waarom het die Bosmense Saul hiervoor verwyt? (1)

9.2.2 Elders in die verhaal verklaar oom Martiens (Arend se vader) dat hý Saul nooit verwyt het nie. Waarom het hý so gevoel? (2)

9.3 Binne die verhaalkonteks, waarna verwys die **...twee bome...** (r.9)? (2)

9.4 Haal 'n sin uit r.16 – 25 aan wat 'n gepaste aanduiding is van die innerlike konflik wat Saul ervaar. (1)

9.5 Verduidelik die betekenis van **Hulle gaat hom Joram laat backsize** (r.27). (2)

9.6 9.6.1 Wie is die **hy** na wie Saul sarkasties verwys in r.28 – 29: **Ek wonder maar net waar hý eendag gaan byl swaai?** (1)

9.6.2 Wat probeer Saul hierdeur te kenne gee? (2)

9.7 Dink jy dat Saul beledigend teenoor Arend optree as hy sê: "**Julle is dom...**" (r.35)? Motiveer. (2)

9.8 Waarom word die woord **jý** in r.41 beklemtoon? (2)

9.9 **...ek is bly vir sy part** (r.26) is 'n tipiese uitdrukking van die taalgebruik van die Bosmense. Skryf die uitdrukking oor in Standaardafrikaans. (1)

9.10 Uit Arend se aantyging in r.41 blyk dit dat Saul 'n sterk ondersteuner was van Harison. Wat het Saul voordelig in Harison se planne gevind? (2)

9.11 Waarom kan Arend se woorde in r.13 – 14 as ironies beskou word? (2)

9.12 9.12.1 Watter sin in r.26 – 31 dui op Saul se uittartende geaardheid? (1)

9.12.2 Waarom het hy hierdie houding ingeneem? (2)

9.13 Waarvan beskuldig Saul vir MacDonald in r.20 – 21: **...word ek uitgeskel vir onnosel omdat ek uit die Bos kom** (r.20 – 21). Skryf slegs EEN woord hiervoor neer. (1)

9.14 In r.36 kom 'n vergelyking voor. Watter TWEE sake word hier vergelyk? (2)

9.15 Dink jy ook dat Saul verantwoordelik was vir Arend se Dood? Motiveer. (2)

**[30]**

**b.o.**

**OF**

## VRAAG 10

***Fiela se kind*** **– Dalene Matthee**

Bestudeer die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg:

"Ons was die dag besig om die voetpad oop te kap – lekker dag gewees, die dag ná volmaan, en ek wou nog oesterbanke toe. Daar was nie 'n seil op die see nie. Toe John Benn skielik bo van die kop af skree, kon ons hoor daar's iets verkeerd en ek kan nie onthou wie eerste onder by die boot was nie, ons of hy. Maar daar was niks wat ons kon doen nie. Twee verdomde fools – vreemdelinge, het dit op die ou end uitgekom – was besig om lekker in die meer af geroei te kom. So te sê in die getystroom toe ons onder kom. Ons het gewaai en geskree van die rotse af dat hulle moes omdraai; met die boot kon ons hulle nie haal sonder om self in die moeilikheid te beland nie. Maar die twee het skynbaar gedink ons moedig hulle aan, want hulle het net al lekkerder geroei. Toe die stroom hulle vat, toe skree hulle soos beeste waarvan die kele met stomp messe afgekerf word. Jy hoor daardie gebulk vir die res van jou lewe wegraak see toe."

"En toe?"

"Hulle is weg. Niemand het hulle ooit weer gesien nie, nie eers 'n splinter van hulle skuit nie."

"Dis verskriklik."

"Dis hoekom ek vir jou sê, bly weg van die water af as gewone bloed in jou are loop."

"Vertel my van John Benn."

"Daar's niks wat John Benn weet wat Kaliel September nie ook weet nie." Hy het dit kortaf en bitter gesê. "Maar hý sit bo op die kop en teen twaalf pond die maand plus nog vier-en-'n-sikspens vir elke voet diepgang van elke skip wat hy deurbring, en sy roeiers sit onder langs die water teen tien sjielings die maand en moet in die skeur visvang waar sy oë op hulle kan wees. Doen jy dit nie, soek hy anderman vir jou spaan. Hy weet ek weet net soveel soos hy, hy weet ek sal op my plek wees wanneer ek daar moet wees, maar wie word stuurman toe daar stuurman gekies moet word? Nie Kaliel September nie. Donald Benn. John se broer."

"Hoekom het hulle jou nie gekies nie?"

"Dis nie net vir kies nie, jy moet ticket kry. Ek sou tien tickets gekry het voor Donald een gekry het, maar ek het mos die merk op my."

"Wat se merk?"

"Los dit." Kaliel het opgestaan en die kos geskep. Daar was ontevredenheid in sy hande en in sy lyf, en dit het gelyk of hy sy kop tussen sy skouers intrek en wegskram.

Dit was die tweede dag en die derde keer dat hy in bitterheid teen 'n vae lot uitvaar. Buite het die wind sonder ophou bly tier en bokant hulle koppe deur die geroeste sink gefluit; teen Coney Glen se rotse het die branders soos donderslae bly breek.

"Vertel my nog van die man op die kop."

"Jy het die man op die kop in jóú kop!" Ek sê vir jou, John Benn is nie al een wat die water se praat verstaan of die wind se nukke ken nie, hy is nie al een wat die streke van die strome ver sien kom nie. Kaliel September sien hulle ook kom. As die wind môreoggend vir John Benn daar bo van die kranse afruk, is daar oormôre net een man wat vir hulle 'n skip sal kan deurhelp en dis ek. Nie eers ou Sewell van Plettenberg-se-baai sal dit kom doen nie. Ek weet ook watter vlae om te hys, ek weet ook wat die vlae sê, ek weet ook waar die diepwater loop, ek weet ook waar die riwwe skuil, maar ek sit nie god van die skeur bo-op die kop nie, ek sit onder."

"Jy't gesê jy wag vir 'n skip."

"Ek het, ja." Hulle het al gelê en die lamp was al dood, maar hy kon die wrewel in Kaliel se stem hoor. "Ek wag hom al jare lank in."

"Jy sê hier kom so baie skepe aan. Is dit 'n sekere skip waarvoor jy wag?" Hy wou nie vir Kaliel sê dat hy in sy hart begin hoop het die skip hom gou nie.

"Jy sal nie verstaan nie, houtkapper, jy weet van niks."

"Jy praat duister, Kaliel, maar miskien verstaan ek beter as wat jy dink."

"Draai om en slaap."

Hy het nie geslaap nie en in die storm uitgeloop. Daar was dinge van Kaliel wat hy nie verstaan nie, daar was dinge oor homself wat hy nie verstaan nie en wat hom rusteloos gemaak het.

10.1 Wie is aan die woord in r.1 – 13? (1)

10.2 Watter besondere gebeurtenis of voorwerp het veroorsaak dat Lukas hier by die see uitgekom het? (2)

10.3 Volgens hierdie stuk wag Kaliel al jare lank vir 'n skip om hom te kom haal.

10.3.1 Waarom is hy hier so ongelukkig? (2)
10.3.2 Waarom is Kaliel nog nie met 'n skip weg nie? (2)

10.4 Lees weer r.32. Hier word verwys na Kaliel se lot. Wat behels sy lot? (1)

10.5 Wat is Lukas se lot of probleem in hierdie roman? (1)

10.6 Wie is die man op die kop (r.35)? (1)

10.7 Dui 'n teenstelling aan in r.42 – 43. (2)

10.8 Gee een moontlike rede uit Benjamin se kinderdae op Wolwekraal wat hom nou aangetrokke tot die see laat voel. (1)

10.9 Neem jy Lukas kwalik dat hy Elias en Barta in die Bos agtergelaat het? Motiveer jou standpunt. (2)

10.10 Kaliel het Lukas in diens geneem. Wat moes hy vir hom doen? (2)

10.11 Verduidelik die misverstand tussen die roeiers en die **verdomde fools** (r.6 – 9). (2)

10.12 Kaliel verwys na Lukas se **gewone bloed**. Hoe verwys hy na sy eie bloed? (1)

10.13 **Jy het die man op die kop in jóú kop!** (r.36). Word hierdie gedeelte letterlik of figuurlik bedoel? (1)

10.14 In r.50 – 51 is daar sprake van sinestesie (vermenging van sintuiglike waarneming). Skryf net die betrokke woorde neer wat dit illustreer. (1)

10.15 Wat is die funksie van die parentese (bygedagte) in r.5? (2)

10.16 Watter ooreenkoms is daar tussen Kaliel se woorde: **verdomde fools** (r.5) en **houtkapper** (r.49)? (2)

10.17 Waaruit lei jy af in r.44 – 46 dat Lukas se nuuskierigheid baie groot is? (2)

10.18 Hoe het dit gebeur dat Lukas uiteindelik in John Benn se roeispan opgeneem is? (1)

10.19 Watter besondere rampgebeurtenis het Lukas van Rooyen se geestelike dood beteken? (1)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 11**

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

"Dit was tog so 'n boeiende gesprek," sê sy. "Ek het dit so geniet. Dit is 'n interessante vraag, vind jy nie, meneer David, dié van ons identiteit?"

"Maar is ons dan nie almal Iere nie?" vra hy.

"Ja, maar soos Mammie sê, wat dan van die boerevolk wat ons haat en wat heeltemal bereid sou wees om ons te vermoor?" Vir 'n oomblik onthou hy die gesigte om die sjees in die smal straat in Droim Cille. "En hulle lewe hier met hulle eie taal, godsdiens, gewoontes het jy ooit na hulle musiek geluister? Dit kan dikwels so weemoedig wees, so romanties. Dit laat 'n mens byna voel asof jy 'n vreemdeling is in jou eie land, vind jy nie, te midde van hierdie mense."

"Dit is tog óns land ook," antwoord hy, reeds verveeld deur haar innigheid en die manier waarop sy opkyk in sy gesig terwyl hulle na die huis toe stap. Maar gelukkig bereik hulle juis die koets, waar die meisies al inklim en probeer maneuver wie langs Connolly sal sit, terwyl hulle moeder druk afskeid neem. Cunningham is op sy perd, ongeduldig om te ry; húlle sal ook moet gaan stel juffrou Hardinge voor terwyl sy na haar broer kyk vir beaming. Maar dan ruk die koets weg, die rylaan af, gevlek met son en skadu, terwyl handskoene en sakdoeke vaarwel wuif uit die vensters.

"Dit word reeds so koel in die aande," merk juffrou Hardinge op.

"Een van die dae is dit herfs," sê haar broer. "Ek het vanoggend lysterbessies in die woud gevind. Die winter kom.

Meteens is alles baie stil, en daar is self geen voël meer wat sing nie. Hulle bly 'n oomblik daar staan op die trappies van die groot huis, vir 'n sekonde vasgevang, roerloos in die stilte. Die bome van die landgoed verberg die son, laag aan die weste: die huis, die grasveld, die meer vang geen lig meer nie. Die bome strek om hulle uit, skadu's swaar onder die takke; die woude en lae heuwels van die land omring hulle. Vir 'n oomblik staan hulle daar: David lig sy kop asof hy probeer om iets te hoor, maar daar is geen klank in die hele stilte van die middag nie.

Arthur draai weg, die kring verbreek. Hulle moet gaan kyk na die saals...

11.1.1 Skryf 'n woord uit r.1 – 2 neer wat kenmerkend is van die grondbesittersbestaan. (1)

11.1.2 'n Verdere kenmerk kom voor in r.33– 34. Watter eienskap is dit? (1)

11.2 Verwys die **ons** in r.4 en die **ons** in r.6 na dieselfde groep mense? Motiveer. (2)

11.3 Verklaar die woord **sjees** in r.7. (1)

11.4 Verduidelik in een sin hoe hierdie Droim Cille-voorval bygedra het tot Alice se uiteindelike siening van die Ierse pagters. (2)

11.5 Waarom dink jy leer die grondeienaars nie die taal, godsdiens en gewoontes (r.8) van die Ierse pagters aan nie? (1)

11.6 Wie is **sy** na wie daar verwys word in r.13 **...waarop sy opkyk...**? Gee 'n rede vir jou keuse. (2)

11.7 Daar word in r.22 verwys na **herfs** en in r.23 na **winter**. Watter simboliese betekenis verkry **herfs** en **winter** in die roman? (2)

11.8 Watter leesteken wat voorkom in r.25 – 30 illustreer dat die landgoed geen son meer ontvang nie? (1)

11.9 In watter opsig is die stilte in r.31 weerspieëlend van David se houding voor die koms van Alice? (2)

11.10 Watter woord in r.12 – 16 dui op David se verligting toe Cunningham vertrek? (1)

11.11 In watter opsig verklaar David se verveeldheid in r.12 sy latere optrede gedurende die winter? (2)

11.12 **Die winter kom** (r.23), kan letterlik én figuurlik vertolk word. Verduidelik. (2)

**EN**

"Sy het dit seker goed bedoel, maar mens kan geen wonde genees met 'n paar afgedankte hemde of 'n flessie whiskey nie. Veral nie wanneer 'n paar mense gekrenk is in sy waardigheid as mens nie. Dit is die ergste wond."

"Dit is nie nodig nie!" roep David uit. "Waarom kon dit nie gebly het soos dit was nie, die aande saam?"

"Omdat ons verder gaan en nie daar kan bly sit nie, hóé jy dit ook al begeer, hóé Nóra dit ook al begeer. En jy moet saamkom, willig of onwillig, al is dit bloot passief as toeskouer, as toehoorder soos vanaand. Anders moet jy teruggaan. Dit is nog nie laat nie, David."

"Waarom dan?"

"Terug na jou eie wêreld, na Donore. Dit sal seker maklik genoeg wees om weer daarin opgeneem te word en jou los te skud van die kleinboere en skoolmeesters waarmee jy verwikkeld geraak het."

"Alice probeer my reeds so lank al oorhaal om Dublin toe te gaan," sê David, "en daar 'n pos te kry – reeds sedert die verkiesing."

"Ja, dit sal maklik wees, 'n enkele sprong terug na jou mense."

David swyg, en uiteindelik skud hy sy kop. "Wat moet ek by hulle gaan soek? Hulle praatjies beteken vir my niks nie, ek kan hulle nie antwoord nie, nie saampraat nie, ek glo nie die dinge waarin hulle glo nie. Ek was nooit gelukkig gewees daar by hulle nie, net nou, by jou en Séamas hierdie maande..."

11.13 Na watter goeie bedoeling van Alice word daar verwys in r.1 en 2? (2)

11.14 Wat is die keuse waarvoor David gestel word in r.7 – 14? (2)

11.15 Watter emosie ervaar David in r.5? (1)

11.16 Is die woorde **...passief as toeskouer, as toehoorder...** in r.9 tekenend van David se aanvanklike rol tydens sy verbintenis met die Ierse pagters? Motiveer. (2)

11.17 Verduidelik in EEN sin die kontras tussen die twee ruimtelike verwysings: **Donore** (r.12) en **Dublin** (r.15) (2)

11.18 Watter openhartige bekentenis maak David in r.18 – 22? (1)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 12

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

Bestudeer die volgende teks en beantwoord die vrae:

Die kêns Moolmanbloed is in daardie jare gevestig, maar het eers weer in Kêns Tillie behoorlik uitgeslaan. "So word die sondes van die vaders besoek aan die kinders, tot in die derde en die vierde geslag," het Amy destyds gesê toe Tillie op tweejarige ouderdom haar eerste stuipe kry. "Dit kry jy nou van hovaardigheid." Eers het Abel en Ella vir DwarsAbel gehad, wat met die vlek van onvrugbaarheid oor sy oor gebore is. Toe is daar die rits doodgebore kinders, en heel laaste, toe Ella se senuwees al wou ingee, was daar Tillie.

Tillie, wat van die begin af onrustig gedwaal het waar sy nie moes nie en eendag byna onder een van die busse by die Halte beland het. Tillie, wat eers begin kalmeer het toe die Slams aanbeveel het dat hulle haar soggens en saans daggatee gee. Dié tee is getrek van die opgekookte daggapitte wat in Ella se fyntuin gekweek is, voor almal se oë, onwettig soos dit ook al was. Dit is medisinaal, het die mense gesê. Tillie, wat toe uiteindelik met Waterwyser gaan lol en geboorte gegee het aan die arme Druppeltjie.

Druppeltjie was so stief soos Kaatjie Danster se kinders en kleinkinders, en haar eie Koevert met sy skewe skouers. Al hierdie stiefkinders, dink Amy bitter, bly op die rand van Toorberg. Wég kan hulle nie kom nie, maar deel is hulle ook nie.

"Julle is vervloek deur julle bloed," het sy eendag aan Posmeester gesê en soos gewoonlik het hy nie geantwoord nie. Net één keer het sy hom iets hoor sê teen sy familie. Dit was nadat hy, oorlede Andries Riet en Waterwyser du Pisani 'n keer by Abel gaan pleit het vir erkenning van hul kinders in sy testament, want iemand het Ella hoor sê dat Abel besluit het om die vruggebruikklousule uit sy testament te skrap. By dié vergadering het Abel beloof dat die Skaamfamilie op die Stiefveld kan bly boer vir die volgende honderd jaar. Hy't egter geweier om Waterwyser du Pisani, wat sy dogter sonder huwelik in die ander tyd gebring het, eens in die oë te kyk. Vir Posmeester Moolman, sy eie bloedbroer, het hy gesê dat hy die stuk serwituut al langs die spoorlyn af vir Koevert sou byhuur as Koevert sinnigheid sou hê in 'n klompie beeste. Die beeste kon hulle afbetaal en as Koevert eers op sy eie voete was, kon hy die serwituut se huur by Abel oorneem.

12.1 Lees weer r.14 –15. Wat is volgens Amy so ironies aan hierdie stiefkinders? (2)

12.2 In r.7 lees 'n mens van Tillie wat gedwaal het. Wie word ook as dwaalkind genoem en wat is die rede dat hy/sy so genoem word? (2)

12.3 In r.2 – 3 word verwys na die Bybelse uitspraak dat vaders se sondes selfs tot in die derde en vierde geslag sigbaar bly. Met wie (watter Moolman) kan **daardie jare** in r.1 verbind word? (1)

12.4 Watter ooreenkoms was daar tussen die Slams en Tillie? (1)

12.5 Posmeester Moolman was altyd heimlik trots op die Moolmanfamilie. Watter reaksie van Posmeester in r.17 bevestig hierdie stelling? (1)

12.6 Abel weier om Waterwyser in die oë te kyk (r.22). Wat was Abel se houding/gevoel teenoor Noag du Pisani? (1)

12.7 Wie van die Skaamfamilie dra dieselfde merk as DwarsAbel? (1)

12.8 Wat presies behels die sondes van die vaders (r.2)? Gebruik r.4 – 6 as leidraad vir jou antwoord. (1)

b.o.

12.9 Het jy simpatie met Druppeltjie? Motiveer jou standpunt. (2)

> Hulle het ŉ derde koppie gedrink.
>
> “U steek u bekommernis baie goed weg,” het hy naderhand stil aan haar gesê. Die bediendes het ingekom en om hulle afgedek. Ella het gewag tot die tafel skoon was voordat sy geantwoord het.
>
> “Abel sal terugkom,” het sy gesê. “As hy wil.”
>
> Hy het geknik.
>
> “Buitendien,” het sy voortgegaan, “daar's ŉ ou familiegesegde: die Moolmans kom altyd na Toorberg terug, al is dit in die dood. Weg kan hulle nie.”
>
> “U moenie in terme van die dood dink nie,” het hy gekeer.
>
> “O, nee. Moenie u bekommer nie. Dit is net ŉ spreuk.” Hy het by die venster uitgekyk.
>
> Later het sy gevra of hy haar sal volg na die agterstoep, waar hulle in die skaduwee gaan sit het en kon hoor hoe DwarsAbel se bakkie by die skure stilhou en later weer met wiele wat skop in die gruis, vertrek.
>
> “Ek het u nog nie gevra nie,” het hy gesê terwyl hulle lomerig in die middagkoelte sit: “Wanneer laas het u u man gesien?”

12.10 Waarom dink jy het Ella eers geantwoord nadat die tafel skoon was? (1)

12.11 Wie se bekommernis is in r.28 ter sprake? (1)

12.12 Wat behels hierdie bekommernis? (1)

12.13 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r.41? (1)

12.14 Verduidelik waarom die familiegesegde in r.33 profeties ten opsigte van Abel is? (2)

12.15 Dui die paradoks (skynbare weerspreking) aan in r.28? (2)

12.16 In watter opsig is die familiegesegde (r.33 – 34) waar in hierdie roman? (1)

> ..... het ek gemeen dat hý moontlik die skuldige is, dat ek ook sý getuienis behoort af te neem – sy hele verhaal, vandat hy met ŉ goederebus by die Halte aangekom het, toegewikkel in olielappe, tot waar hy nou in onkruid vasgerank lê, vergete agter die melkstal waarin Abel Moolman se spog-Jerseys gemelk word. Die ene oliebome en brandnetel en duwweltjies is dit tussen en om en oor die masjien se stukke. Maar nêrens kon ek roes sien nie.
>
> “Dit het meer onderdele as wat ek gemeen het. Die stukke het oor ŉ groot area gestrooi gelê: staal van allerlei formaat en vervorm. Pype, stange, ratte, kabels wat in mekaar verknoop lê, ankerstutte. Ek kon my verwonder aan dié stuk masjinerie wat Abel Moolman, die baas van die plaas, in die ban gedoen het daar agter die melkstal.

12.17 Wie is hy in r.43? (1)

12.18 Wat word van die voorwerp gesuggereer waar dit in onkruid vasgerank lê (r.45)? (1)

12.19 **Maar nêrens kon ek roes sien nie** (r.47 – 48). Word hierdie sin letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord volledig. (2)

12.20 Skryf 'n sinsnede of sin neer uit r.49 – 52 wat suggereer dat die ondersoek na Druppeltjie du Pisani se dood gekompliseerd is. (2)

12.21 Skryf 'n parentese in r.49 – 52 neer wat meer inligting oor Abel Moolman gee. (1)

12.22 Wie dink jy het Druppeltjie du Pisani vermoor? Motiveer jou antwoord. (2)
**[30]**

**OF**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 13 | ***Kringe in 'n Bos*** | (Dalene Matthee) |
| Vraag 14 | ***Fiela se Kind*** | (Dalene Matthee) |
| Vraag 15 | ***By Fakkellig*** | (Karel Schoeman) |
| Vraag 16 | ***Toorberg*** | (Etienne van Heerden) |

Beantwoord Vraag 13 óf Vraag 14 óf Vraag 15 óf Vraag 16, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het. Hou duidelik by die vereiste lengte en gee baie aandag aan die taal en styl wat jy gebruik.

### VRAAG 13

***Kringe in 'n Bos* – Dalene Matthee**

13.1 Die woord **Kringe** in die titel, *Kringe in 'n Bos*, suggereer verskillende temas (sirkels) wat in die verhaal voorkom. Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Die vernietigende kringloop van die houtkappers en hul voortbestaan
- Oupoot en Saul se sirkelgang
- Saul se veranderende houding teenoor "kitchen Dutch"
- Jou eie mening of hierdie temas vandag steeds aktueel is (20)

**EN**

13.2 Saul Barnard huldig die volgende mening: **...'n mens is net 'n mens as jy baie geld het...** Bespreek Saul se strewe na finansiële onafhanklikheid in 120 – 150 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Saul as werker by MacDonald
- Saul as suksesvolle gouddelwer
- Jou eie mening oor die geldigheid van bogenoemde stelling (10)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 14**

***Fiela se kind* – Dalene Matthee**

14.1 Elias se lewensdroom wentel om olifante. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde en maak van die volgende skema gebruik:

- Elias se persoonlikheid lei tot bemoeienis met die olifante.
- Die olifante uitoorlê hom telkens en bemoeilik sy lewe.
- Elias word deur olifante gekelder. Het jy enige simpatie met Elias se lot as gevolg van die olifante se optrede? Motiveer jou standpunt. (15)

**EN**

14.2 Lukas/Benjamin leer in die loop van sy lewe drie ruimtes ken: die Lange Kloof, die Bos en die see. In elke ruimte is daar 'n belangrike persoon wat help vorm aan sy karakter. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde en maak van die volgende skema gebruik:

- In die Lange Kloof beïnvloed Fiela vir Benjamin
- In die Bos is dit Elias wat sy lewe beïnvloed
- By die see speel Kaliel groot rol in sy menswees
- Sou jy sê die velkleur van die betrokke karakters het iets te doen met die rigting wat hulle vir Lukas aanwys? Motiveer die standpunt. (15)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 15

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

15.1 *By Fakkellig* skets die stryd tussen die Ierse plattelandse bevolking en die Protestantse grondbesitters aan die einde van die agtiende eeu. Hierdie twee wêrelde ontmoet mekaar in die hoofkarakter, David. Bespreek David se ervaring van beide wêrelde in 200 – 250 woorde deur te verwys na die volgende hoofpunte:

- Die wêreld van die Engelse grondbesitters en David se deelname hieraan
- David se oorgang na die wêreld van die Ierse plattelandse bevolking
- David se opstand
- Jou eie mening oor die implikasies van David se terdoodveroordeling vir albei groepe: die grondbesitters en die pagters (20)

**EN**

15.2 Daar is 'n duidelike kontras tussen die heersende toestande in Ierland aan die einde van die agtiende eeu soos vervat in hierdie roman en die heersende toestande in die huidige Suid-Afrika wat die erkenning van menseregte betref. Bespreek hierdie kontraste in 120 – 150 woorde met spesifieke aandag aan die volgende hoofpunte:

- Die oplegging van die doodstraf
- Vryheid van godsdiensbeoefening
- Vryheid van assosiasie (Jy kan assosieer met wie jy wil) (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 16

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

16.1 Met die lees van die roman, *Toorberg*, kom die leser op heelwat magiese (bonatuurlike) aspekte af. Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde oor die magiese elemente in die roman en fokus hoofsaaklik op die volgende karakters:

- Die Slams
- KênsTillie
- Waterwyser du Pisani
- Noag du Pisani
- Abel (se dood)
- Magiese verhale het geen leersame boodskap vir die leser nie, omdat die gebeure nie altyd verklaarbaar is nie. Beredeneer hierdie standpunt ten slotte krities. (20)

**EN**

b.o.

16.2 Die roman, *Toorberg*, kry terugskouend universele betekenis. Bespreek hierdie aanname in 'n opstel van 120 – 150 woorde aan die hand van die volgende raamwerk:

- Familieskandes
- Bevrydingspolitiek van die onderdruktes in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare.
- Die verhaal van die Moolmans word die verhaal van die Afrikaner. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**